KWARTAAL 1

# NUUSBRIEF

# HOËRSKOOL MONTAGU

KWALITEIT ONDERRIG EN LEER

G L O

GELOOF
LIEFDE
OMGEE

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ____UIT DIE KANTOOR____

Die nuwe jaar het gevlieg en dit is vir my aangenaam om u terug te verwelkom na die skoolvakansie.
Ek glo dit was ‘n tyd waarin ouer / voog en kind na die besige 2023 mekaar weer in die oë kon kyk en familiebande kon verstewig.

‘n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe ouers, voogde, onderwysers en leerders in Montieland. Ons vertrou dat u verbintenis met ons skool aangenaam sal wees vir u as ouer / voog, onderwyser en vir ons leerders ‘n plek van ongelooflike groei en ontwikkeling.
Raak asb. betrokke en onthou: ‘n betrokke Montie, is ‘n gelukkige Montie.
Baie hartlik welkom!

## MATRIEKUITSLAE 2023 - 4 A’s!

Ons is voorwaar baie trots op die Matriekklas van 2023!
Ons matrieks van 2023 lewer 4 leerders met ` n gemiddelde A-simbool en 11 leerders met gemiddelde B-simbole.
Verder behaal hulle ook die pragtige prestasie deur ’n 97,7% slaagsyfer te behaal!

Wat die uitslae van 2023 verder besonders maak, is die feit dat 64% van die matrieks toelating tot verdere onderwys en opleiding behaal en dat dié klas 56 vakgemiddelde A-simbole verwerf.
’n Uitstekende prestasie om op trots te wees!

Baie geluk aan die Matriekklas van 2023! Julle uitslae is puik en ons is baie trots op elkeen van julle! Julle het bewys dat niks ’n Montie kan onder kry nie.

**Ons top 10 kandidate is soos volg:**

| | | | Gemiddeld |
|---|---|---|---|
| 1. | Geriant Segelaar | (7 Onderskeidings) | 88,3% |
| 2. | Raynard Mitchell | (5 Onderskeidings) | 85,1% |
| 3. | Ewan Coetzee | (4 Onderskeidings) | 81,7% |
| 3. | Carli Prins | (4 Onderskeidings) | 81,7% |
| 5. | Ann-Luméy Pieterse | (3 Onderskeidings) | 79,1% |
| 6. | Bryden Baartman | (3 Onderskeidings) | 78,4% |
| 7. | Zoë Hahndiek | (3 Onderskeidings) | 77,4% |
| 8. | Christian Swart | (3 Onderskeidings) | 77,1% |
| 9. | Willem Nel | (3 Onderskeidings) | 75,6% |
| 10. | Jean-Pierre Matthee | (2 Onderskeidings) | 72,9% |

Baie dankie aan ons toegewyde personeel en Beheerliggaam vir al die ekstra tyd, energie en liefde vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer/voog met u kind se pragtige uitslae. U het rede om trots te wees!

# Toelating: Leerders 2025

Toelating van nuwe leerders vir 2025 open op 11 Maart 2024 en sluit op 12 April 2024. Dit is belangrik om daarop te let dat daar slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar is in elke graad.

Volledige aanlynaansoeke wat tydens die eerste rondte ontvang word en waarvan die vorderingsverslag aandui dat die aansoeker oor die potensiaal beskik om te vorder én die ouderdom binne die grense vir die betrokke graad is, geniet voorkeur.

Indien u bewus is van graad 7 leerders wat vir 2025 in graad 8 wil aansoek doen by hierdié skool, moet u hulle asseblief aanmoedig om dit betyds te doen. Plekke is beperk! Doen asb. betyds aanlyn aansoek.

# Leerdergetalle:

Ons leerdertal vir 2024 het gegroei.
Die getalle in die onderskeie grade is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Graad 12 | – | 119 |
| Graad 11 | – | 110 |
| Graad 10 | – | 117 |
| Graad 09 | – | 110 |
| Graad 08 | – | 116 |

**Totaal: 572**

# Skoolgelde:

Die skool is 'n Kwintiel 4, artikel 21, skoolgeld betalende skool, daarom is die betaling van skoolgelde noodsaaklik en volgens wetgewing verpligtend. Die skool se finansies word bestuur volgens 'n goedgekeurde begroting en die finansiële posisie van die skool is gesond, daarom kan die skool 'n volledige opvoedkundige program aan die leerders bied. Namens die Beheerliggaam wil ek die volgende reëlings aan u deurgee:

Daar bestaan geen departementele subsidies vir skoolgelde nie. Ouerhuise kon op die toepaslike aansoekvorm aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Ouers bly verantwoordelik vir die volle skoolgelde, totdat 'n volledig voltooide aansoekvorm by die skool ingehandig is.

Maandelikse paaiemente is betaalbaar vanaf Januarie tot November 2024. Vanaf die einde van Februarie word daar maandeliks 'n skoolfondsrekening uitgestuur. Die bedrag verskuldig vir die volle jaar sal op die rekening verskyn, asook die uitstaande bedrag wat onmiddellik betaalbaar is.
Alle skoolgelde word by die sekretaresse inbetaal.
Alle navrae in verband met skoolgeldrekeninge word deur mev. Liezl Lewis hanteer (Maandae tot Vrydae 07:30-14:00).

## Gedragskode (Skoolreëls) vir Leerders

Die gedragskode vir 2024 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Ongelukkig is daar altyd leerders wat sukkel om binne 'n stelsel te werk om instruksies of voorskrifte na te kom. Ek wil 'n beroep op ouers doen om toe te sien dat hulle kinders se skool- en sportdrag te alle tye korrek is en dat dit duidelik gemerk is. Kledingstukke wat verlê word se eienaars kan meestal nie opgespoor word nie en gaar dan by die sekretaresse op. Ons verwag dat ons leerders daagliks reg geklee en gehoorsaam is aan die riglyne, soos vervat in die gedragskode van die skool.

## Skoolbywoning

Die skoolbywoning van ons leerders is baie goed. Baie dankie vir u samewerking in dié verband. Ons vra dat u asseblief sal skakel, indien u kind nie die betrokke dag skool kan bywoon nie. Op die dag wat u kind terugkeer skool toe, moet hy/sy `n briefie van u of van die dokter inhandig. Tydens eksamens sal slegs doktersbriewe aanvaar word.

## Ten slotte

Seënwense vir ‘n heerlike vakansie, indien u weg gaan, reis asb. veilig. Baie dankie vir al u harde werk, ondersteuning en u groot omgee-harte vir ons skool.

Vriendelike Montie-groete
**Mnr. Johan Benadie**
*Skoolhoof*



023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___SKOOLBEHEERLIGGAAM___

## 2024 - 2027

Tydens Maart 2024 het die Beheerliggaamverkiesings plaasgevind. Ons proses is bestuur deur mnr. Nigel Adams van W.A Rossouw Primêre skool en mnr. Benadie was verantwoordelik vir Ashbury Primêr se proses. Die aanstellings vir die prosesse is deur die WKOD gemaak. Die samewerking tussen die onderskeie skole was puik en die prosesse het glad verloop.

Ons wil alle kandidate wat bereid was om te staan bedank. Die kandidate wat gestaan het, was werklik van hoogstaande gehalte met elkeen wat `n groot bydrae tot die Beheerliggaam kan lewer.

Graag wens ons die volgende persone geluk met hulle verkiesing tot die Beheerliggaam:

**Die Beheerliggaam se ampsdraers en voorsitters is as volg:**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Mev. Mariek Dettbarn |
| Ondervoorsitter: | Mnr. Philippie Olivier |
| Tesourier: | Mev. Esterine Roos |
| Sekretaresse: | Mev. Janine Beukes |

**Ouerlede:**

Mnr. Hannes Gous
Mnr. Niël Joubert
Mnr. Peter Strydom
Mnr. Chris Hanekom

# ___SKOOLBEHEERLIGGAAM___

## 2024 - 2027

**Komitee Voorsitters:**
Dagbestuur / Personeel: Mev. Mariek Dettbard
Finansies: Mev. Esterine Roos
Grond en Geboue / Veiligheid: Mnr. Hannes Gous
Dissipline en Beleide: Mnr. Niël Joubert
Bemarking, Sosiaal en Ondersteunersklub: Mev. Mariek Dettbarn
Koshuis: Mnr. Chris Hanekom
Skoolaktiwiteite / Akademie, Sport en Kultuur: Mev. Janine Beukes
Skoolhoof: Mnr. Johan Benadie

**Opvoederlede:**
Mev. Janine Beukes
Mev. Lindi Ferreira
**Nie-Opvoederlid:**
Mev. Liezl Lewis

**Leerderlede:** Franco Stemmet en Nina Beukes

Baie dankie vir u bereidwilligheid om die skool en gemeenskap te dien.
Baie sterkte vir die termyn en mag dit ‘n wonderlike ervaring vir elkeen wees.

Baie dankie aan elke ouer/ voog wat die belange van die skool op die hart dra en die skool en die personeel ondersteun. U kan verseker weet dit word opreg waardeer.

Die skool wil u ook uitnooi om betrokke te raak en u hulp aan te bied.
Daar is baie terreine waar ouers/ voogde betrokke kan wees en net soos die leerders, is betrokke ouers/ voogde, gelukkige ouers/ voogde.

Mag u die skoolvakansie, tyd kry om kwaliteit-tyd met u kind te spandeer
**Onthou:** Ons is die skool in die platteland, vir die platteland!








# ___SKOOLBEHEERLIGGAAM___


2024-2027







023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za







# ___SKOOLBEHEERLIGGAAM___

2024-2027












# ___SKOOLBEHEERLIGGAAM___

2024-2027



# ___TOP 20___

## GRAAD 8

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Lodewyk | Beukes |
| Meone | Bure |
| Ruan | Cloete |
| Corlea Michey Simone | De Koker |
| Carla | Dettbarn |
| Denisia Jeovania | Domingos |
| Ridduwan | Herdien |
| Eduard Simon | Heyns |
| Aneischa Aimee | Jakobs |
| Themlynne | Jansen |
| Lienka | Joubert |
| Kayla | Kotze |
| Lee | Kotze |
| Lee Shayne | Louw |
| Ane Sarah Helen | Nomdo |
| Aneisha | Philander |
| Shane Zuraida | Pikaan |
| Amorey | Potgieter |
| Zack | Roos |
| Hannli | Volschenk |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 9

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Shedeeke | Abrahams |
| Anzelle | Albanie |
| Erin | Banda |
| Jason | Bezuidenhout |
| Keisha | Botha |
| Anel | De Bruyn |
| Tyricha | De Wee |
| Mia | Ellis |
| Isabelle | Hahndiek |
| Quinzil | Jansen |
| Chaelli | Jansen |
| Jaime | Johnson |
| Tamia | London |
| Stella | Meyer |
| Henko | Nel |
| Hayley | Odendaal |
| Revean | Segelaar |
| Courtney | Toorn |
| Adriana | Visagie |
| Chrissandra | Wiese |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 10

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Jacobus | Beukes |
| Sergio | Burger |
| Elissa | Conradie |
| Mia | Dettbarn |
| Joël | Gordon |
| Peter | Hattingh |
| Matteo | Human |
| Zaywon | Kana |
| Caitlin | Koker |
| Janae | le Roux |
| Thezmee | Lekay |
| Ruby-Rose | O'Shea |
| Mieke | Olivier |
| Tashley | Skippers |
| Luke | Smith |
| Tasneem | Steyn |
| Keisha-Lee | Strydom |
| Jadelyn | van Wyk |
| Dirk | von Wielligh |
| Anja | Wolfaardt |

# ___TOP 20___

## GRAAD 11

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Nimra | Ahmed |
| Joney | Booysen |
| Tanya | Brand |
| Arno | Datson |
| Callum | Flesch |
| Suné | Geldenhuys |
| Jomar | Hanekom |
| John | Hattingh |
| Tasneem | Jansen |
| Cameron | Jansen |
| Lieschen | Joka |
| Halle | Joseph |
| Richard | Knipe |
| Siyambonga | Lirafu |
| Kezia | Malgas |
| Sias | Meyer |
| Jaywin | Noemdo |
| Hermien | Potgieter |
| Mikayla | Theron |
| Almay | Wolmarans |

# ___TOP 20___

## GRAAD 12


NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Ferdin | Africa |
| Liani | Beetge |
| Nina | Beukes |
| Chelsea | Booysen |
| Nicholas | Brunings |
| Stefanie | Burger |
| Chriszaan | Conradie |
| Derenchia | Cyster |
| Petri | Fourie |
| Ewan | Herbst |
| Lyall | Kleinhans |
| Bronley | Pearson |
| Lyzé | Pekeur |
| Franco | Stemmet |
| Jana | Strydom |
| Gabriel | Telford |
| Nicole | van der Walt |
| André | van Deventer |
| Edrick | van Zyl |
| Arno | Wright |

# ___MATRIEKAFSKEID___

Hierdie jaar se matriekafskeid was ‘n absolute belewenis. Almal het asemrowend gelyk met hulle pakke en rokke. Cadle Craft het so baie moeite gedoen om die venue mooi te maak. Dit was beslis ‘n hoogtepunt in my hoërskool loopbaan en ek sal dit nooit, ooit vergeet nie.

**___Franco Stemmet___**



8 Maart 2024. Een van die beste dae in my lewe sover. Die aankoms op die mooi rooi mat laat jou soos ‘n prinses voel. Ek was maar skepties om ons matriekafskeid aan die begin van die jaar te hê, maar nou dat dit verby is, is ek dankbaar daarvoor. Nou kan ons fokus op ons akademie en nie stres oor rokke, metgeselle, hare, naels en foto’s nie. Die venue was asemrowend en die moeite wat ingesit is, het gewys. Ek sal nog lank oor die matriekafskeid dink en dit vir altyd onthou.

**___Liani Beetge___**





# ___MATRIEKAFSKEID___

2024





# ___MATRIEKAFSKEID___

2024




023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___GOLFDAG___

Die HSM Ondersteunersklub se jaarlikse gholfdag het hierdie jaar op die 2de Maart plaasgevind.
Dit was 'n heerlike dag wat elke gholfspeler baie geniet het.
Ons is baie dankbaar vir elke borg wat 'n bydrae gelewer het, want sonder borge is 'n dag soos hierdie beslis nie moontlik nie.











023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___ATKV - JEUGTAK___

Baie geluk aan Janae le Roux (Tesourier), Sergio Burger (Ondervoorsitter) en Ruby-Rose O'Shea (Voorsitter) wat verkies is as deel van die Montagu ATKV-Jeugtak.



# ___SPORT___

**Skaak**

Twee van ons skaak-spelers het deel geneem aan die Kaapse Wynland Skole-Prestige Skaaktoernooi en uitstekend gevaar. Siyabonga Lirafu behaal 'n eerste plek vir seuns 0/18 en Revéan Segelaar 'n tweede plek vir dogters 0/15.



**Atletiek**

Die jaarlikse kleure atletiek was weer 'n reuse sukses. Die rooi span het die geesbeker gewen, terwyl die groen span die atletiekpunte beker oortuigend gewen het. Vier van ons atlete behaal plek by die Boland byeenkoms. Zack Roos behaal 'n 1ste plek in gewigstoot en diskus vir seuns 0/14. Gerhard Beetge behaal 'n 3de plek in spiesgooi vir seuns 0/14. Peter-Wayne Soldaat het 'n 2de plek behaal vir verspring seuns 0/17. Stefanie Burger behaal 'n 3de plek vir 100m hekkies vir dogters 0/19.




# ___SPORT___


**Krieket:**
Die krieket maak skoonskip! Al drie ons krieketspanne het hul interskole wedstryde gewen. Die O/15's en 1ste Seunsspan het oortuigend gewen. Die eerste dogters het egter bietjie harder gewerk vir hulle wen en baie goeie karakter gewys om die wedstryd met 6 lopies te wen.



**Bergfietsry**
Sias Meyer vaar uitstekend en voltooi sy 2de Cape Town Cycle Tour suksesvol.
Hou so aan Sias, ons is trots op jou!



**Gholf**
Die eerste en tweede gholfspanne het deelgeneem aan die Boland gholfliga. Die eerste span vaar baie goed en eindig 3de in die liga. Die eerste span wen sy Interskole wedstryd 62-47. Baie geluk manne ons is trots op julle!



# ___SPORT___

## Netbal social

21 Februarie het die eerste Netbalspan ‘n sosiale netbaltoernooi aan gebied. Daar was drie wedstryde gespeel. Die onderwysers teen die BK het vir groot opwinding gesorg met die onderwysers wat die knie moes buig teen die BK. Die eerste rugby- en eerste netbal toergroep het die hoofwedstryd gespeel. ‘n Wedstryd wat teen ‘n goeie tempo gespeel is met uitstekende netbal deur albei spanne het in ‘n naelbytstryd ontaard. Die hoofwedstryd wed eindig gelykop. Sterkte met die seisoen dogters, weet julle gaan ons trots maak!





## Tennis

Die eerste tennisspanne neem deel aan Hoërskool Strand se afslaan-toernooi. Hulle vaar ongelooflik goed en wen die B-Afdeling. Al drie spanne vaar goed deur die seisoen en behaal goeie oorwinnings. Henko Nel is as reserwe vir die Boland-span verkies.

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___KULTUUR___



**Paul Roos Bal**

6 van Hoërskool Montagu se BK-lede het die Paul Roos Bal bygewoon op 28 Februarie. Elkeen het pragtig gelyk.



**Kultuurweek**

Hierdie jaar se kultuurweek het afgeskop met 'n heerlike middag van pasta maak. Die leerders het ook die geleentheid gekry om Mono Printing te doen. Die leerders het ook geleer van tafel dek en een middag gedans.

**Valentynsdans**

Die senior leerders het 'n Valentynsdans gehad by die skool op 15 Februarie. Almal het pragtig gelyk.





**Junior Valentyns Piekniek**

Die juniors het 'n Valentynspiekniek gehad die middag van 15 Februarie. Hulle het dit baie geniet.

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___KULTUUR___

**Landsdiens**

Die Landsdiens-leerders het hul kunstalent uitgestal en 'n pragtige boom geverf.



**Noodhulp opleiding**

Baie van ons leerders het aan die Noodhulp-opleiding deelgeneem. Hulle het saam met baie pret, ook baie geleer.



**Kringleier-opleiding**

Op 18 Januarie het ons kringleiers hul opleiding gedoen by die NG Kerk Montagu, onder leiding van Ds. Suzette.

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

APRIL

| | |
|---|---|
| 3 Woensdag | Skool heropen 08:00<br>Aktiwiteitsperiode 13:15-14:30 (Wintersport) |
| 4 Donderdag | Netbal sone-proewe (o.14 ; o.16 ; o.18) |
| 5 Vrydag | |
| 6 Saterdag | Sportdag Robertson (w) |
| 8 Maandag | Top 20 aand 18:00<br>Taalbondeksamen<br>Netheidsinspeksie |
| 9 Dinsdag | Taalbondeksamen<br>Ouergesprekke 16:30-18:30<br>Rugby vs Ashton Sek (T) |
| 10 Woensdag | Netbal-proewe (HS Bonnievale)<br>Mekka Kleedrepetisie<br>Sportdag Langeberg (W) |
| 11 Donderdag | Mekka Kultuuraand |
| 12 Vrydag | Indoor Hokkie |
| 13 Saterdag | Sportdag Outshoorn (w) |
| 15 Maandag | |
| 16 Dinsdag | Netbal Wynland proewe |
| 17 Woensdag | Netbal Wynland proewe<br>Sportdag Ashton Sek (T) |
| 18 Donderdag | Mnr. / Mej. Uitdunne |
| 19 Vrydag | |
| 20 Saterdag | Sportdag Montana (T)<br>Bergfiets XCO MTB Somerset-Wes |
| 22 Maandag | |
| 23 Dinsdag | |
| 24 Woensdag | Junior en Senior Redenaars 15:00 |
| 25 Donderdag | |
| 26 Vrydag | Junior VRL sivviedag<br>Indoor Hokkie |
| 27 Saterdag | *Vryheidsdag*<br>Sportdag Swellendam (w)<br>Netbal Wes-Kaap streeksproewe |
| 29 Maandag | Fotodag (klas en individueel - skoolklere) |
| 30 Dinsdag | Mnr. / Mej. HSM Kleedrepetisie |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

MEI

| | |
|---|---|
| 1 Woensdag | |
| 2 Donderdag | Mnr. en Mej. HMS |
| 3 Vrydag | Netbal Wes-Kaap proewe |
| 4 Saterdag | Sportdag Punt (T)<br>Netbal Wes-Kaap proewe |
| 6 Maandag | English Spelling Bee(Snrs) 16:00 |
| 7 Dinsdag | CSV Jeugweek |
| 8 Woensdag | CSV Jeugweek<br>Sportdag Swellendam Sek. (T) |
| 9 Donderdag | Hemelvaart Skool Verdaag (12:00)<br>Aktiwiteitsperiode (12:00-13:00) |
| 10 Vrydag | Netbal Wes-Kaap Proewe<br>Senior VRL Sivviedag<br>Indoor Hokkie |
| 11 Saterdag | Sportdag Labori (T)<br>Netbal Wes-Kaap Proewe<br>Bergfiets XCO MTB Curro Hermanus |
| 13 Maandag | |
| 14 Dinsdag | |
| 15 Woensdag | Gr.10-12 Eksamen Prakties begin |
| 16 Donderdag | |
| 17 Vrydag | |
| 18 Saterdag | Bergfiets XCO MTB Grabouw |
| 20 Maandag | Gr.10-12 Eksamen begin |
| 21 Dinsdag | |
| 22 Woensdag | Gr.8 en 9 Eksamen begin<br>Eksamen Tye: 07:35-13:00 |
| 23 Donderdag | |
| 24 Vrydag | Indoor Hokkie |
| 25 Saterdag | |
| 27 Maandag | |
| 28 Dinsdag | |
| 29 Woensdag | Nasionale verkiesingsdag |
| 30 Donderdag | |
| 31 Vrydag | Landboutuindans HSM+LSM 19:00 LSM |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 2

JUNIE

| | |
|---|---|
| 1 Saterdag | |
| 3 Maandag | |
| 4 Dinsdag | |
| 5 Woensdag | |
| 6 Donderdag | |
| 7 Vrydag | Gr.8-12 Eksamen eindig |
| 8 Saterdag | |
| 10 Maandag | FW Gr.12 Ekstra klas 13:15-15:00 |
| 11 Dinsdag | Algemene kennis-eksamen |
| 12 Woensdag | Engels Vraestel 3<br>JNR Winterbal<br>OSK Braai 19:00 |
| 13 Donderdag | Afrikaans Vraestel 3<br>SNR Winterbal 18:30<br>Wiskunde Gr.12 Ekstra klas |
| 14 Vrydag | SKOOL SLUIT |